HOOFSTUK 11

# 11. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 11.1 Inleiding

Om die hele saak van gedifferensieerde onderwys in perspektief te sien, was dit nodig om verskillende aspekte daarvan in die literatuur na te vors. Die belangrikste komponente van hierdie literatuurstudie word nou ten aanvang in hierdie hoofstuk saamgevat. Die belangrikste waardes en/of tekortkominge van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in die Oranje-Vrystaat is empiries volgens die vraelysmetode ondersoek. Vraelysresponse word verder saamgevat en geïnterpreteer. Aanbevelings ter oplossing van bepaalde implementerings=probleme word ook aangebied.

## 11.2 Probleemstelling (vgl. par. 1.2)

Die belangrikste probleem wat in hierdie studie nagevors word, is die vraag of, en indien wel watter, besondere waardes en/of tekortkominge (probleme) die implementering van die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys na vore gebring het. Hierdie probleem word empiries in die skole van die Oranje-Vrystaat ondersoek.

## 11.3 Doel van die ondersoek (vgl. par. 1.3)

Die doelstellings van hierdie ondersoek was om spesifieke sake in die primêre en sekondêre skool na te vors.

a. Primêre skool: klasgroeperingskriteria binne 'n bepaalde standerd; vakon=derwys; Voorligting; en die voorsiening vir leergestremde en verstandelik vertraagde leerlinge.

b. Sekondêre skool: die aanbieding van Standaard- en Hoër Graadvakke; die

waardes en/of tekortkominge van die Praktiese kursus; en die rol van Voorligting in die implementering van die nuwe gedifferensieerde onder=wysstelsel in die sekondêre skool.

11.4 Grondslae en tegnieke vir gedifferensieerde onderwys
(vgl. hoofstuk 2)

11.4.1 Begripsbepaling (vgl. par. 2.2)

11.4.1.1 Differensiasie (vgl. par. 2.2.1)

In dié begrip is die betekenis "om te verskil" vasgelê, waaruit die eis tot onderskeiding van verskille tussen leerlinge na vore kom.

11.4.1.2 Opvoeding (vgl. par. 2.2.2)

Christelike Opvoeding word beskou as 'n doelbewuste handeling waarby 'n mon=dige persoon 'n onmondige persoon(e) lei, rig, oorreed en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy Koninkryk op alle terreine uit te brei, sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring.

11.4.1.3 Onderwys (vgl. par. 2.2.3)

Christelike onderwys is sodanige onderwys waarvan al die geledinge (onderwy=ser, onderwysinhoud, onderwyshandeling, onderwysmetode en -milieu) Christelik gestempel is.

11.4.2 Prinsipiële grondslae (vgl. par. 2.3)

Ooreenkomstig die geskapenheid na die beeld van God is elke mens as unieke, on=herleibare wese, wat radikaal onderskeie is van God, medemens en dier, gelyk=waardig voor God en daarom op gelyke onderwysgeleenthede geregtig.

11.4.3 Opvoedkundige grondslae (vgl. par. 2.4)

Intra- en inter-individuele verskille spruit voort uit die uniekheid en daar=om ongelykheid tussen leerlinge. Opvoeding en onderwys wat met hierdie onge=lykheid rekening hou, moet daarom gedifferensieerd wees en Christelike vol=wassenheid as hoogste doel nastreef. 'n Belangrike kenmerk van hierdie vol=wassenheid is die verantwoordelike, roepingsvervullende taakaanvaarding, wat doelgerigte leiding tot beroepsvolwassenheid impliseer.

11.4.4 Tegnieke vir differensiasie (vgl. par. 2.5)

In die onderwys kan daar op verskillende wyses gedifferensieer word, naamlik differensiasie in bane of strome; kruisgroepering; differensiasie volgens vak=keuse en studiekursusse(-rigtings); differensiasie in tempo; differensiasie deur verryking van sillabusse; regulering van tydsduur per sillabus; en diffe=rensiasie deur spesiale klasse.

11.5 Individuele verskille by kinders (vgl. hoofstuk 3)

11.5.1 Oorsake van individuele verskille (vgl. par. 3.2)

Individuele verskille by mense van alle ouderdomme is toe te skryf aan die invloed van erflikheid en omgewing, ras en nasionaliteit, en geslag.

Erflikheid en omgewing vervul albei 'n rol in die ontwikkeling van persoon=likheidseienskappe. As gevolg van die verweefdheid van hierdie twee faktore kan die invloed van elk nie kwantitatief-proporsioneel uitgedruk word nie. Erflikheid is meer sigbaar in die genetiese oordrag van bepaalde fisiese ken=merke, terwyl die omgewing 'n belangrike rol speel in die vorming van die per=soonlikheid.

In hierdie studie word aangesluit by navorsers wat aandui dat daar nie gene=ties-vasgelegde biologiese verskille by bepaalde bevolkingsgroepe aanwesig is, wat byvoorbeeld hoër begaafdheid te weeg kan bring nie. Verandering in om=gewing, kulturele milieu en sosio-ekonomiese omstandighede laat die moontlik=heid oop dat lede van enige ras of nasionaliteit op grond van biologiese fak=tore dieselfde begaafdheidsmanifestasies kan behaal.

Geslagsverskille in algemene intelligensie, temperament en belangstelling het nie 'n erflikheidsbasis nie, maar kan aan omgewingsinvloede toegeskryf word. Hierdie omgewingsfaktore hou verband met bepaalde opvoedingsgebruike en tradisies, waarvolgens daar van die kleinkinderjare af tussen seuns en dogters onderskei word in kleredrag, speelgoed, spelaktiwiteite en die kweek van belangstellingsvelde.

11.5.2 Omvang van individuele verskille (vgl. par. 3.3)

Alle psigiese vermoëns is normaal verspreid in 'n groot groep ongeselekteerde leerlinge van dieselfde ouderdom.

11.5.3 Vermoë (vgl. par. 3.4)

Nadat daar aangedui is dat hier in die besonder oor verstandelike vermoë of intellek gehandel word, is beskouinge van verskillende navorsers bespreek. Die meeste intelligensietoetse differensieer met betrekking tot verbale en nie-verbale intelligensievermoëns. Die mees kenmerkende eienskap van verbale intelligensie is die aktiwiteit op abstrakte vlak, terwyl nie-verbale intelligensie op nie-taalkundige en konkrete vlak manifesteer. Dit kan aanvaar word dat nie-verbale intelligensie die geneties-oorgeërfde intellektuele potensiaal is wat deur opvoedkundige stimulering tot die vlak van abstrakte (verbale) intelligensie ontwikkel word.

Waar die leerling beduidend swakker vaar in die verbale as in die nie-verbale subtoetse van 'n intelligensietoets, het dit diagnostiese waarde. Organiese serebrale disfunksie of gebrekkige opvoedkundige stimulering mag aanleidende faktore hiertoe wees.

Die Voorligter moet kennis dra van die invloed van bepaalde nie-intellektuele faktore, wat 'n invloed op intellektuele en akademiese prestasie van leerlinge mag hê, naamlik doelgerigtheid, motivering, e.a. wat goeie prestasie op albei genoemde terreine bevorder; teenoor gebrek aan motivering, minderwaardigheidsgevoelens en ander kenmerke van 'n negatiewe selfbeeld wat intelligensieaktualisering en akademiese prestasie benadeel.

Dit is ook die taak van die Voorligter om die leerling tot selfkennis en be= roepskennis te bring, sodat insig in sy potensialiteite in samehang met 'n realistiese beroepskeuse gesien word.

11.5.4 Aanleg, bekwaamheid en prestasie (vgl. par. 3.5)

Op grond van bekwaamhede en vermoëns voorspel aanleg die moontlike graad van ontwikkeling wat met behulp van opvoeding en opleiding behaal kan word; be= kwaamheid dui op die huidige uitoefening van bepaalde vaardighede en presta= sie verwys na die resultate van 'n handeling.

Die stabiliteit, eenheid en onafhanklikheid van aanlegte, sowel as die verband tussen intelligensie (I.K.) en aanleg is verder bespreek. Algemene en spesi= fieke aanlegte is ook onderskei.

Voorspelling van opvoedkundige en beroepsukses kan deur versigtige interpre= tering van aanlegtoetsresultate in samehang met faktore soos motivering, be= langstelling en ander persoonlikheidseienskappe, gemaak word. Aanlegtoets= resultate volgens die Senior Aanlegtoets is hier by wyse van illustrasie ge= bruik.

11.5.5 Belangstelling (vgl. par. 3.6)

Uit die beskouings van navorsers blyk dit dat belangstelling as 'n affektiwi= teitsgestempelde aktiwiteit omskryf en die ontstaan of opwekking daarvan aan erflikheids- sowel as omgewingsfaktore toegeskryf kan word. Verskillende ti= pes belangstelling, naamlik uitgesproke, manifesterende, vraelysgekontroleer= de, getoetste, ekstrinsieke en intrinsieke belangstelling is verder bespreek.

Die interpretasie van belangstellings is meer kompleks as dië van aanlegte, om= dat belangstelling nou verwant is aan die affektiewe van die mens. Die rol van die ouers en ander volwassenes as beroepsidentifikasiefigure kan 'n sterk po= sitiewe of negatiewe rol vervul in die ontwikkeling van belangstellingspatrone by die kind.

Die Voorligter moet die rol van belangstelling by Opvoedkundige en Beroeps=voorligting in die totale persoonsbeeld van die leerling interpreteer, en hy moet die relatiewe stabiliteit daarvan in die onderskeie ontwikkelingsfases in gedagte hou.

11.5.6 Die voorkoms van individuele verskille by kinders in bepaalde leeftydsfases (vgl. par. 3.7)

Met betrekking tot die ontwikkeling van vermoë en aanleg is die beskouinge van Piaget, Gagné, Spearman en Guilford kortliks bespreek. Daar is verder aangedui dat die intellektuele ontwikkeling van die kind in twee hoofstadia, naamlik konkreet gebonde intelligensie en abstrakte intelligensie ingedeel kan word. Die oorgang van konkrete na abstrakte intelligensie vind in die puberteitsjare of pre-adolessensie plaas en gaan gepaard met biologiese en psigologiese veranderinge by die kind.

Met betrekking tot belangstelling dui die meeste navorsers aan dat die ka=rakter daarvan in die kinderjare en pre-adolessensie in 'n groot mate idealis=ties en wisselend van aard is. Tussen die 14de en 16de lewensjaar bereik belangstelling eers in so 'n mate stabiliteit dat prognose met 'n redelike ma=te van betroubaarheid daarop gegrond kan word.

11.6 Opvoedkundige voorsiening vir individuele verskille vanaf 1925 tot einde 1971 (vgl. hoofstuk 4)

11.6.1 Transvaal (vgl. par. 4.2)

Die belangrikste aanbevelings van die Nicolkommissie (1939) met betrekking tot differensiasie in die middelbare skoolkursus het 'n korter en meer prak=tiese kursus van drie jaar en 'n langer en meer akademiese kursus van vyf jaar ingesluit. Dié twee kursusse sou in verskillende skole aangebied word en on=derskeidelik bekend staan as die Gevorderde Skool en Die Hoërskool.

Verdeelde beheer oor die onderwys moes verder opgehef word deur beroepsonder=wys terug te plaas onder beheer van die provinsie.

Die Lynchkommissie (1950), wat aangewys is om die toepasbaarheid van aan= bevelings in die De Villiersverslag (1948) vir die Transvaalse Onderwysde= partement te ondersoek, beveel die afskaffing van die Gevorderde of Juniorhoër= skool, provinsiale beheer van alle skooltipes, uitgesonderd tegniese onder= wys, die daarstelling van 'n Nasionale Adviserende Onderwysraad en die verbe= tering van Voorligtingsdienste aan.

Die Steynkommissie (1953) beveel die indeling van middelbare leerlinge in twee bekwaamheidsgroepe, naamlik 'n vinnige en stadige stroom, aan. Vir die im= plementering hiervan moes die eensydige beklemtoning van die matrikulasieser= tifikaateksamen plek maak vir groter komprehensiwiteit. 'n Kommissie moes ook verder benoem word om gedifferensieerde onderwys in die buiteland te ondersoek.

Die Interkerklike Komitee (1955) lê daarop klem dat sekondêre onderwys in 'n baie groter mate gedifferensieer moet word om aan elke kind se belangstelling, vermoë en aanleg te beantwoord.

Die Van Wykkommissie (1955) beveel na 'n ondersoek in die buiteland aan dat twee afsonderlike matriekeksamens, naamlik die skooleindsertifikaat- en uni= versiteitstoelatingseksamen afgeneem, Voorligtingsdienste uitgebrei en alle middelbare onderwys na die provinsies oorgedra moes word, sodat komprehensie= we hoërskole gestig kan word.

Aanbevelings van die verskillende kommissies met betrekking tot spesiale on= derwysvoorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge in Transvaal is ook be= spreek.

11.6.2 <u>Kaapprovinsie</u> (vgl. par. 4.3)

Die belangrikste bakens in die ontwikkeling van gedifferensieerde onderwys in die Kaapprovinsie kom in die jaarverslae van die Superintendent-generaal van Onderwys voor. Hiervolgens blyk dit dat die S.G.O. (Malan) na ondersoek in die buiteland en bestudering van die De Villiersverslag (1948) aanbeveel het dat st. 5 die skeidslyn tussen primêre en junior sekondêre onderwys moet wees.

Die ontwikkeling van spesiale onderwys in die Kaapprovinsie is ook kortliks bespreek.

11.6.3 Oranje-Vrystaat (vgl. par. 4.4)

Die Pretoriuskommissie (1951) beveel aan dat die Christelik-nasionale begin=sels in die onderwys en opvoeding erken en uitgebou, st. 6 na die middelbare skool oorgeplaas moet word en Voorligting 'n belangrike rol in leerlingkeuses behoort te vervul. Die beginsel van komprehensiwiteit moet verder deur die aanbieding van meer as een studierigting in 'n middelbare skool geïmplemen=teer word.

Na 'n buitelandse ondersoek beveel die Wentzelkommissie (1963) aan dat middel=bare onderwys in die kleiner sentra deur middel van komprehensiewe skole ver=skaf moet word. Gedesentraliseerde middelbare onderwys moet egter "binne re=delike perke" behou word. Die eerste jaar in die sekondêre skool behoort 'n ontdekkingsjaar te wees, sodat leerlinge in die tweede jaar 'n bepaalde stu=dierigting kan kies. Hierbenewens moet die Provinsie ook volle beheer oor alle vorme van onderwys hê.

11.6.4 Natal (vgl. par. 4.5)

Die Wilkskommissie (1946) beveel die opheffing van verdeelde beheer oor die onderwys aan, sodat alle voltydse onderwys tot en met st. 10 slegs deur die provinsie beheer word. Komprehensiwiteit moet ook verder uitgebou word om die oorbeklemtoning van akademiese kursusse in skole teen te werk.

'n Ad-hoc-komitee oor gedifferensieerde onderwys het na 'n ondersoek in die buiteland in 1961 'n tweestroomstelsel vir sekondêre skole in Natal aangekon=dig. Hiervolgens sou 'n Gevorderde Stroom lei tot die Senior Sertifikaat met of sonder matrikulasievrystelling en die Gewone Stroom tot die Senior Sertifi=kaat.

Die Lightonkommissie (1963) beveel na ondersoek van die tweestroomstelsel aan dat daar sover moontlik drie Strome in alle hoërskole aangebied moet word.

Enkele aanbevelings van die verskillende onderwyskomitees met betrekking tot onderwysvoorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge in Natal, is ver= der kortliks saamgevat.

11.6.5 Departement van Hoër Onderwys (vgl. par. 4.6)

Die De Villierskommissie (1948), wat in die besonder ondersoek moes instel na tegniese en beroepsonderwys, wys op enkele algemene tekortkominge in middel= bare onderwys en beveel onder andere aan dat Juniorhoërskole, wat toelating tot beroeps- en Seniorhoërskole met akademiese kursusse bied, gestig moet word. Voorligting moet ook op kontinue basis vir alle leerlinge beskikbaar wees. Alle laer- en middelbare (algemene) onderwys behoort onder provinsiale en alle beroepsonderwys onder Uniale beheer te wees.

Laasgenoemde aanbeveling het na herbeklemtoning daarvan deur die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van Suid-Afrika tot die Beroepsonder= wyswet (no. 70 van 1955) gelei. Hiervolgens is beroepsonderwys onder beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geplaas.

Beroepsonderwys is egter ooreenkomstig Wet no. 41 van 1967 weer op 1 April 1968 na die provinsiale onderwysdepartemente oorgeplaas.

11.6.6 Evaluering (vgl. par. 4.7)

Nadat die ontwikkeling van gedifferensieerde onderwys in die verskillende pro= vinsies ondersoek is, is hoofstuk 4 afgesluit met 'n vergelyking en evaluering van:die aanbevelings ten opsigte van die oordrewe klem op die matrikulasieser= tifikaat, komprehensiewe hoërskole, verdeelde beheer oor die onderwys, Voorlig= ting, en opvoedkundige grondslae.

## 11.7 Die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys vanaf 1972 (vgl. hoofstuk 5)

Die bepalings van die nasionale beleid (Afdeling A), sowel as enkele aspekte van die provinsiale toepassings van die beleid (Afdeling B), is bespreek. Die belangrikste voor- en nadele van die komprehensiewe hoërskool is ook ver=der aangetoon (Afdeling C).

### 11.7.1 Komitee van ondersoek (1964) (vgl. par. 5.2)

Deur die werk van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting is die grondslae van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel gelê.

### 11.7.2 Wet no. 39 en 41 van 1967 (vgl. paragrawe 5.3 en 5.4 onderskeidelik)

Die beginsels waarop die nasionale onderwysbeleid berus, is op grond van Wet no. 39 van 1967 uiteengesit. Een van hierdie beginsels lui dat "onderwys ver=skaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerlinge ... en dat ... gepaste voorligting aan leerlinge verstrek moet word". In hierdie beginsel is die rasionaal vir gedifferensieerde onderwys geleë.

Die oordraging van beroepsonderwys na die provinsies op 1 April 1968 is in die Wet op onderwysdienste (no. 41 van 1967) vervat.

### 11.7.3 Implementering op 1 Januarie 1972 (vgl. par. 5.5)

Bepalings van Goewermentskennisgewing R2029 is met betrekking tot die skool=fases en studierigtings vir die Gewone kursus en die Praktiese kursus uiteen=gesit.

11.7.4 Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (vgl. par. 5.6)

Omdat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad ten nouste gemoeïd is met verskil= lende aspekte van gedifferensieerde onderwys, is die volgende aspekte in ver= band met die Raad beskryf: die ontstaan en ontwikkeling van die Raad, die lys van vakke vir die matrikulasie-eksamen, die algemene universiteitstoela= tingsvereistes (vanaf 1972) sowel as die toelatingsvereistes vir spesifieke studierigtings, vakkeusebepalings vir die nie-universiteitstoelatingskursus en oorskakelingsmoontlikhede tussen bepaalde kursusse.

11.7.5 Toepassing van die nasionale beleid in die onderskeie provinsies (vgl. Afdeling B)

Uitstaande fasette van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in Transvaal (par. 5.7) is: die tegniese studierigting in Elektronika, die Praktiese kur= sus in sts. 9 en 10, Funksionele Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, hulpklasse vir leerlinge met spesifieke leergestremdhede, spesiale klasse en skole, en komprehensiewe eenhede.

Die implementeringswyses van die nasionale beleid in die Gewone kursus, die Praktiese kursus en spesiale onderwys vir verstandelik vertraagde leerlinge in die Oranje-Vrystaat (par. 5.8) en Natal (par. 5.9) is verder uiteengesit.

Die aanbieding van vakke op Hoër en Standaardgraad, sowel as kenmerke van die Praktiese kursus in Kaapland (par. 5.10) is laastens bespreek.

11.8 Onderwysvoorsiening vir buitengewone leerlinge in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys (vgl. hoofstuk 6)

11.8.1 Kriteria in die tipering van "buitengewoonheid" (vgl. par. 6.4)

'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe beeld van 'n persoon se intellektuele potensi= aal is nodig om 'n algemene tipering wetenskaplik verantwoordbaar te maak. In

hierdie studie is daar na twee groepe leerlinge, naamlik I.K. 80 tot 89 en 120+, onderskeidelik verwys as minderbegaafde en begaafde leerlinge.

Leerlinge wat skolasties onder- en bo-gemiddeld presteer, word as buitenge= woon getipeer.

Wanneer die belemmering van bepaalde liggaamsfunksies in so 'n mate voorkom dat die kind nie normaal kan vorder in die gewone skool nie,of die vordering van die ander kinders strem, moet hy/sy na die Departement van Nasionale Op= voeding verwys word om in 'n skool vir buitengewone onderwys opgeneem te word.

Emosionele labiliteit blokkeer normale sosiale verhoudinge en lei tot egosen= trisme en asosiale gedrag, wat die leerling as buitengewoon tipeer en meesal in swak skolastiese prestasie manifesteer.

### 11.8.2 Vorme van en voorsiening vir buitengewoonheid (vgl. par. 6.5)

Leerlinge wat as buitengewoon getipeer word, naamlik fisieke gestremdes, ge= dragsgestremdes, verstandelik vertraagdes, minderbegaafde en begaafde leer= linge behoort so vroeg as moontlik geïdentifiseer te word, sodat daar op 'n gedifferensieerde wyse in hul onderwysbehoeftes voorsien kan word.

## 11.9 Die plek van Voorligting in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys (vgl. hoofstuk 7)

### 11.9.1 Begripsbepaling (vgl. par. 7.2)

#### 11.9.1.1 Voorligting (vgl. par. 7.2.1)

Die beskouinge van Nel, Sonnekus, Landman en Barkhuizen, wat die begrip Voor= ligting as omvattende term vir leiding in die pedagogiese situasie afkeur, is ten aanvang weergegee. Die omskrywing van die begrip deur die Vaktaalburo is daarna uiteengesit. Die standpunte van Spies, Schutte, Kruger en Jones,

wat Voorligting as 'n omvattende term vir die aktiwiteite tussen opvoeder en opvoedeling (op persoonlikheids-, opvoedkundige of beroepsvlak) binne die pedagogiese situasie beskou, is vervolgens bespreek. In hierdie stu= die is by laasgenoemde standpunt aangesluit.

11.9.1.2 Skoolvoorligting (vgl. par. 7.2.2)

Omdat daar na skooltoetrede sprake is van Voorligting in die opvoedingsituasie, is tot die slotsom gekom dat die begrippe Voorligting en Skoolvoorligting in wese dieselfde bedoel. Die begrip Voorligting word onder andere deur al die onderwysdepartemente gebruik en is daarom ook in hierdie studie aanvaar.

11.9.1.3 Skoolvoorligtingsdiens (vgl. par. 7.2.3)

Onder hierdie begrip word verstaan die diens wat deur die onderskeie onderwys= departemente gelewer word as hulpdiens tot die Voorligtingsdiens van onder= wyser-voorligters in die skool.

11.9.2 Beginsels waarop Voorligting berus (vgl. par. 7.3)

Enkele antropologiese en opvoedkundige uitgangspunte is in hierdie paragraaf bespreek. Die volgende opvoedkundige beginsels is kortliks saamgevat: in= dividuele verskille, die keusebeginsel, die totaliteitsbeginsel en die begin= sel van kontinuïteit.

11.9.3 Voorligting op primêre onderwysvlak (vgl. par. 7.4)

Getoets aan die kriteria van die doelstellings met Voorligting in die primêre skool is dit duidelik dat die plek en taak van die Voorligter in Suid-Afrikaan= se primêre skole nog nie behoorlik omlyn is nie.

Aanbieding van die leerstof ooreenkomstig leerlinge se differensiële persoon= likheidskenmerke, lê die doelstellings van gedifferensieerde onderwys ten grondslag. In hierdie verband is die identifisering van individuele verskille

voorvereiste vir die doelmatige voorsiening daarvoor. Dit is onmoontlik om van die primêre skoolpersoneel te verwag om sonder gespesialiseerde oplei= ding in Voorligting individuele verskille objektief vas te stel en persoonlik= heids- en opvoedkundige probleme op te los. 'n Georganiseerde Voorligtings= program in die primêre skool is daarom noodsaaklik vir die gebalanseerde ont= wikkeling van die kind.

11.9.4 <u>Voorligting op sekondêre onderwysvlak</u> (vgl. par. 7.5)

11.9.4.1 <u>Komponente van Voorligting</u> (vgl. par. 7.5.2)

Voorligting as opvoedingshandeling bestaan uit drie komponente.

In Persoonlikheidsvoorligting word die leerling as onmondige mens deur die Voorligter as mondige, professioneel opgeleide persoon onder andere gelei tot selfkennis, die opbou van 'n eie waardesisteem en insig in persoonlikheidspro= bleme wat hy nie self kan oplos nie.

Onder Opvoedkundige Voorligting word die leiding aan die leerling in die peda= gogiese situasie met betrekking tot die maak van vak-, studierigting- en skool= keuses, sowel as die diagnosering van leerprobleme verstaan.

Voorligting met betrekking tot 'n beroepskeuse geskied in die pedagogiese situ= asie tussen die professionele Voorligter en die leerling op verskillende sta= diums van die skoolloopbaan.

Persoonlikheidsprobleme, wat by die kind voorkom, manifesteer in opvoedkundige en beroepskeuseprobleme, sodat die drie komponente van Voorligting slegs van mekaar ònderskei, maar nie geskei kan word nie.

11.9.4.2 <u>Die personeel wat die Voorligtingsprogram deurvoer</u> (vgl. par. 7.5.3)

Alhoewel die taakomlyning binne die onderwysdepartemente verskil, word die

Voorligtingsprogram deur skoolklinieke, inspekteur-sielkundiges en Voorligters uitgevoer. Laasgenoemde Voorligters wissel van persone met geen of weinig ge=spesialiseerde opleiding in Voorligting tot toepaslik opgeleide Voorligters.

11.9.4.3 Opleiding van die Voorligter (vgl. par. 7.5.4)

Die Voorligter behoort 'n wetenskaplik-opgeleide, akademies goed-toegeruste, professionele opvoedkundige te wees wat die nodige kennis en vaardigheid het in die gebruik en interpretering van beroeps- en opvoedkundige materiaal soos toetse, vraelyste, ens.

11.10 Empiriese ondersoek (vgl. hoofstuk 8)

11.10.1 Keuse van die ondersoekmiddel (vgl. par. 8.2)

Na bespreking van die voor- en nadele van persoonlike besoeke aan skole en die vraelysmetode, is op laasgenoemde besluit om die probleemstellings na te vors.

11.10.2 Respondente (vgl. par. 8.3)

Die totale aantal respondente wat in hierdie studie betrek is, is 204 primêre en sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat. Hiervan was 115 primêre en 89 se=kondêre skool respondente.

11.10.3 Samestelling en toepassing van die vraelyste (vgl. par. 8.4)

In hierdie paragraaf is die redigering, finale samestelling en lengte van die vraelyste, sowel as die rangskikking van vrae, die begeleidende , opvolgbrief en terugontvangstes bespreek. Die totale aantal terugontvangstes het op 91,0% (81) sekondêre skool vraelyste en 86,1% (99) primêre skool vraelyste te staan gekom.

## 11.11 Aanbieding en interpretering van vraelysresponse (vgl. hoofstukke 9 en 10)

### 11.11.1 Primêre skole (vgl. hoofstuk 9)

#### 11.11.1.1 Groepering van leerlinge (vgl. par. 9.2)

In die junior primêre fase word die groepering van leerlinge in klasgroepe binne dieselfde standerd deur die meeste respondente op grond van alfabetiese verdeling volgens vanne of in gelyke getalle gedoen. In die lig daarvan dat die klem in hierdie skoolfase op algemeenvormende klasonderwys val, is hier= die groeperingswyses opvoedkundig gefundeer.

In die senior primêre fase word skolastiese prestasie as die belangrikste en= kele kriterium vir bekwaamheidsgroepering van leerlinge aangedui. Binne die raamwerk van die totale persoonlikheid is hierdie beklemtoning opvoedkundig gesond.

Verskeie respondente dui aan dat bekwaamheidsgroepering deur die ouers van groepe leerlinge afgekeur word en dat leerlinge daarom op versoek van die ouers in ewe groot groepe ingedeel word. Op hierdie wyse word minderbegaafde en begaafde leerlinge in dieselfde klasgroep geplaas. Waar hierdie situasie voorkom, kan daar nie doeltreffend genoeg gedifferensieer word nie, sodat bei= de leerlinge hul potensiaal nie optimaal kan aktualiseer nie. Hierdie gebrek aan doeltreffende voorsiening vir individuele verskille het tot gevolg dat die leerling weerhou word om insig in eie moontlikhede en tekortkominge te ontwikkel. 'n Gebrekkige selfkennis by die kind lei nie alleen tot sosiale wanaanpassing nie, maar ook tot onrealistiese opvoedkundige en beroepskeuses.

In wese kom hierdie verskynsel daarop neer dat die onderwys deur ouers pres= tige-gesentreerd in plaas van kindgesentreerd gerig word.

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting spreek hulle met betrekking tot groeperingskriteria vir leerlinge soos volg uit (RGN-verslag,

1970, p. 163): "Slegs groeperingswyses wat tot stand kom op grond van suiwer pedagogiese oorwegings het in die onderwyspraktyk 'n bestaansreg. Indien enige andersoortige oorweging die deurslag sou moes gee, dan gaan dit in sô 'n stel=sel nie in die eerste plek om die belange van die leerling nie".

Aanbevelings

Met betrekking tot die groepering van leerlinge word aanbeveel dat:

a. die Onderwysdepartement op grond van doeltreffende differensiasie in die primêre skool daarop aandring dat skole met meer as een klasgroep in 'n be=paalde standerd, bekwaamheidsgroepering moet toepas. Alhoewel die totale persoonsbeeld van die leerling in ag geneem behoort te word, moet skool=prestasie as die belangrikste enkele kriterium geld;

b. kleiner skole met slegs een klasgroep in elke standerd gedifferensieerde aanbieding op grond van individuele verskille moet uitoefen. Elke on=derwyser/-es behoort op 'n kontinue basis deur die Voorligter gelei te word in die interpretering van individuele leerlinge se gegewens op die Ed-labkaarte. Formele intra-klasgroepering, waardeur die onderwyser/-es leer=stof binne dieselfde periode aan verskillende groepe leerlinge in dieself=de klas aanbied, is opvoedkundig af te keur. Die leerlinge is nie daartoe in staat om byvoorbeeld op dele van die leerstof te konsentreer, terwyl die onderwyser/-es dieselfde werk op 'n hoër of laer vlak aan ander groepe in die klas aanbied nie. Die tyd binne 'n bepaalde periode word ook in so 'n mate verdeel dat die voorgeskrewe werk van 'n sillabus onmoontlik in die vasgestelde tyd voltooi kan word; en

c. die hoof en personeel die ouers tydens ouer-onderwysvergaderings en ander geleenthede moet oriënteer met betrekking tot die voordele wat bekwaam=heidsgroepering vir leerlinge inhou. Geleenthede waar 'n inspekteur die ouers toespreek oor hierdie saak, mag meewerk aan die opvoeding van die gemeenskap.

11.11.1.2 Vakonderwys (vgl. par. 9.3)

Die meeste skole in die senior primêre afdeling, naamlik 93,9% (93) bied Eng= els deur gespesialiseerde vakonderwysers aan, terwyl Geskiedenis en Aardryks= kunde in vergelyking met die ander vakke deur die minste skole, naamlik 75,7% (75) aan spesifieke vakonderwysers toegesê word. Die differensiële aanlegte van leerlinge word deur vakonderwys ten beste gestimuleer, sodat gereedheid vir die eise van die sekondêre skool in 'n groter mate ontwikkel word.

Uit vraelysresponse blyk dit verder dat st. 4 as aanvangsjaar vir vakonderwys deur die grootste aantal respondente, naamlik 52,5% (52) voorgestaan word. St. 3 word deur die tweede grootste aantal respondente, naamlik 36,4% (36) beskou as die mees geskikte aanvangstadium vir vakonderwys.

Aanbeveling

Teen die agtergrond van vaksillabusse wat steeds meer gespesialiseerd word, word aanbeveel dat vakonderwys in alle vakke vanaf st. 3, maar nie later as st. 4 nie, in die primêre skool ingestel moet word.

11.11.1.3 Voorligting (vgl. par. 9.4)

Vraelysresponse toon dat 97,0% (96) skole oor intelligensie-,85,9% (85) oor aanleg- en 41,4% (41) oor belangstellingstoetsresultate van leerlinge beskik. Hierdie psigometriese toetse is in 99,0% (98) skole deur personeellede en in 1,0% (1) skole deur 'n skoolsielkundige afgeneem. In hierdie verband is die moontlikheid voorsien dat enkele personeellede in die primêre skool wel oor toepaslike opleiding (professioneel-akademies) in Voorligting mag beskik. Die toepassing en interpretering van psigometriese toetse deur Psigometrici, wat slegs vakansiekursus in psigometriese tegnieke deurloop het, word egter op opvoedkundige grondslag afgekeur.

Die volgende prosedures word by Opvoedkundige Voorligting (kyk par. 7.5.2.2) aan st. 5-leerlinge in skole gevolg:

a. in 2,0% (2) skole word psigometriese toetse deur die inspekteur-sielkun= dige en kliniekpersoneel afgeneem en resultate saam met die hoof vir leerlinge en hul ouers geïnterpreteer;

b. in die grootste aantal skole, naamlik 51,5% (51), hanteer die skoolhoof die hele Voorligtingsaangeleentheid van die st. 5-leerlinge;

c. Opvoedkundige Voorligting word deur 9,1% (9) respondente aan toepaslik opge= leide personeellede oorgelaat;

d. in 13,1% (13) skole word psigometriese toetse deur die inspekteur-sielkundige en/of kliniekpersoneel toegepas, waarna dié resultate deur die skool gebruik word in latere onderhoude met die leerlinge en hul ouers; en

e. die volgende prosedures word deur die oorblywende 24,2% (24) respondente gebruik:

   1. die hoofde van verskillende sekondêre skole spreek die st. 5-leerlinge teen die einde van die vierde kwartaal oor studierigting- en vakkeuses van dié betrokke skool toe, waarna leerlinge en hul ouers 'n finale keuse uitoefen;

   2. 'n aantal respondente huldig die standpunt dat geen Opvoedkundige Voorlig= ting aan st. 5-leerlinge gegee word nie, omdat vakkeuses eers aan die einde van st. 7 gemaak moet word; en

   3. die hoof van 'n Engelsmedium primêre skool het aangedui dat hy groepe ou= ers oor studierigting- en vakkeuse na st. 5 toespreek, asook onderhoude met alle leerlinge en hul ouers voer.

Die hantering van Opvoedkundige Voorligting deur die inspekteur-sielkundige en kliniekpersoneel of deur toepaslik opgeleide Voorligters op die personeel is vanuit opvoedkundige perspektief korrek.

Die struktuur en funksies van die skoolklinieke in die Oranje-Vrystaat is eg= ter nie op die hantering van Opvoedkundige Voorligting aan alle leerlinge in skole ingestel nie, maar slegs op leerlinge wat deur skoolhoofde na hulle ver= wys word, of individuele ouers wat met hul kind by die kliniek aanmeld. Die

geografiese ligging van die klinieke in die vyf groter sentra, naamlik Welkom, Bloemfontein, Kroonstad, Sasolburg en Bethlehem, maak dit vir 'n groot aantal plattelandse skole slegs moontlik om leerlinge, wat reeds probleme openbaar, daarheen te verwys. Dié diens kan dus nie op 'n kontinue basis Opvoedkundige en Persoonlikheidsvoorligting aan leerlinge verskaf nie. Die taak van die inspekteur-sielkundige is hierby ook slegs beherend en konsulterend van aard.

Die aanduiding van 9,1% (9) respondente dat Opvoedkundige Voorligting deur toe= paslik opgeleide Voorligters gehanteer word, kon egter nie gekwalifiseer word nie, sodat die graad van opleiding nie aan die hand van professioneel-akademie= se kriteria beoordeel kon word nie. Daar mag egter wel Voorligters in pri= mêre skole wees wat vir hierdie taak in die sekondêre skool opgelei is.

Die toepassing én interpretering van psigometriese toetsresultate behoort deur 'n toepaslik opgeleide Voorligter uitgevoer te word (vergelyk d).

Die praktyk dat hoofde van sekondêre skole st. 5-leerlinge oor studierigting- en vakkeuses van die betrokke skole toespreek, waarna leerlinge en hul ouers 'n finale keuse moet uitoefen, word afgekeur (vergelyk e(1)). Die leerlinge se keuse berus hiervolgens nie op objektiewe data met betrekking tot belang= stellings, aanlegte en vermoëns, wat in 'n persoonlike onderhoud vir elke leer= ling en sy ouers geïnterpreteer word, nie. Dit kan aanleiding daartoe gee dat hoofde van verskillende sekondêre skole kompeteer in die werwing van leer= linge.

Verder skyn dit asof daar op hierdie stadium van implementering van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel nog hoofde is wat nie die eise en implika= sies van skooltipe en vakkeuses aan die einde van st. 5 begryp nie (vergelyk e(2)).

Vraelysresponse toon verder dat 38,4% (38) en 93,9% (93) respondente onderskei= delik ten gunste is van 'n Voorligter en 'n Remediërende onderwyser op die personeel van die primêre skool. Verder is bykans eweveel respondente, naamlik 49,5% (49) en 48,5% (48) onderskeidelik ten gunste van en nie ten gunste van die hantering van Voorligtings- en Remediërende werk deur die herhaling van Voorligtings- en Remediërende werk deur dieselfde persoon nie, terwyl 2,0%

(2) respondente onseker is.

Aanbevelings

Met betrekking tot Voorligting word aanbeveel dat:

a. poste vir 'n toepaslik opgeleide Voorligter en 'n Remediërende onderwyser by elke primêre skool, wat ten minste 4 onderwysers het, ingestel behoort te word. Die instelling van verdere poste, na gelang van die werksomvang, kan op aanbeveling van die inspekteur-sielkundige gedoen word.

   Die opleidingskursus van sodanige Voorligter behoort 'n graadkursus met Psigologie of Voorligtingsielkunde as een hoofvak en spesialisering in Voorligting as een van die metodiekvakke in die onderwysdiploma-jaar in te sluit. Die sillabus vir Voorligting kan dan gebaseer wees op die prak= tyk van die primêre en sekondêre skool. Die ander metodiekvak kan gerig wees op die praktyk van die primêre skool.

   Opleiding vir Remediërende onderwysers word reeds aan onderwyskolleges voorsien; en

b. die taak van die toepaslik opgeleide Voorligter behoort kontinue Persoon= likheids- en Opvoedkundige Voorligting in te sluit. Die voorkomende karak= ter van dié Voorligtingsaktiwiteite moet besondere klem dra deur vroegty= dige opsporing van en gedifferensieerde voorsiening vir persoonlikheids= tekorte (tydelik of permanent) by leerlinge.

Die indeling van leerlinge in bekwaamheidsgroepe, in skole met meer as een klasgroep in 'n standerd, vorm deel van die Voorligter se taak.

In st. 5 behoort die Voorligter na die afneem van 'n aanlegtoetsbattery onder= houde met elke leerling en sy ouers te voer om so die objektiewe inligting oor die leerling in die perspektief van 'n totale persoonsbeeld te plaas. Die ouers moet die kind bystaan in die maak van verantwoorde keuses.

Leerlinge met probleme kan via die hoof of 'n klas- of vakonderwyser by die Voorligter se kantoor vir 'n onderhoud aanmeld.

As die Voorligter enkele middae by die skool beskikbaar is, kan leerlinge ook uit eie beweging na die Voorligter gaan.

Goeie kontak tussen die Voorligter, Remediërende onderwyser en die hoof is nood=saaklik vir 'n goed gekoördineerde Voorligtingsprogram. Die Voorligter behoort van tyd tot tyd aan die hoof verslag te doen, terwyl die hoof die Voorligter as professioneel-opgeleide persoon behoort te erken.

Die Voorligter behoort geen klas- of vakonderrig te behartig nie, maar slegs Voorligtingswerk, terwyl die Remediërende onderwyser se taak bepaal sal word deur die aanwesigheid, al dan nie, van 'n aanpassingsklas vir kinders met leer=gestremdhede. Indien so 'n klas by die skool gestig word, behoort die posisie met betrekking tot personeelvoorsiening deur die inspekteur-sielkundige onder=soek te word, wat dan aanbevelings in dié verband kan maak.

Leerlingprobleme wat nie deur die Voorligter en/of Remediërende onderwyser han=teer kan word nie, moet via die hoof na die inspekteur-sielkundige en/of skool=kliniek verwys word.

### 11.11.1.4 <u>Spesiale en aanpassingsklasse</u> (vgl. par. 9.5)

In 36,4% (36) en 37,4% (37) primêre skole word daar onderskeidelik spesiale voorsiening vir verstandelik vertraagdes en kinders met leergestremdhede gemaak. Uit vraelysresponse blyk dat 69,4% (25) skole met spesiale klasse toe=paslik opgeleide personeel het om die onderrig te hanteer, terwyl Remediërings=werk in 80,1% (30) skole deur toepaslik opgeleide personeel behartig word.

Die suksesvolle onderrig van verstandelik vertraagde leerlinge vereis nie alleen 'n onderwyser/-es met 'n besondere instelling en intuïtiewe aanvoeling vir die emosionele en skolastiese probleme van dié leerlinge nie, maar ook 'n persoon met 'n hoë standaard van toepaslike opleiding. Die beskikbaarheid van persone met gespesialiseerde kennis om leerprobleme vroegtydig te diagnoseer en Reme=

diëringsprogramme uit te werk en deur te voer, is 'n noodsaaklikheid in elke primêre skool (kyk par. 11.11.1.3).

Vraelysresponse toon aan dat die meeste respondente, naamlik 46,0% (29) op ander wyses as differensiëring deur middel van leerstofverdunning, aanpassing in onderwysmetodes en eksamineringswyses vir verstandelik vertraagde leerlinge voorsiening maak. Van hierdie 46,0% (29) respondente verwys 69,0% (20) skole leerlinge na primêre skole met spesiale klasse of na Voorberoepskole. In 27,6% (8) skole word geen voorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge gemaak nie, terwyl 3,4% (1) skole in die middae addisionele klasse vir dié leerlinge organiseer.

Die kriteria waarvolgens verstandelik vertraagde leerlinge, wat saam met ander leerlinge in dieselfde klas is, bevorder word, is: op meriete, volgens ouderdom, verlaging van slaagvereistes en dieselfde vereistes as dié waaraan ander leerlinge moet voldoen.

Aanbevelings

Met betrekking tot spesiale en aanpassingsklasse word aanbeveel dat:

a. verstandelik vertraagde leerlinge en kinders met leergestremdhede so vroeg as moontlik na skooltoetrede geïdentifiseer sodat daar in hul besondere behoeftes voorsien kan word. Die aanwesigheid van toepaslik opgeleide Voorligters en Remediërende onderwysers op die personeel word hierdeur geïmpliseer; en

b. indien daar nie 'n spesiale klas aan die primêre skool verbonde is nie, die verstandelik vertraagde leerling(-e) na 'n skool met 'n spesiale klas of 'n Voorberoepskool verwys moet word. Die ouers van die leerling moet in 'n persoonlike onderhoud tot insig in hul kind se probleem gelei word. Dieselfde geld vir leerlinge met leergestremdhede, wat by gebrek aan onderwyskundige voorsiening by 'n betrokke skool, na 'n skool met 'n aanpassingsklas verwys behoort te word.

Algemene implementeringsprobleme wat ondersoek behoort te word

Die voor- en nadele van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel vir die pri= mêre skool is in die laaste gedeelte van hoofstuk 9, na aanleiding van vrae= lysresponse, uiteengesit. Op grond daarvan dat dié response nie in verhouding tot die totale aantal respondente in vergelykbare persentasies uitgedruk kan word nie, omdat 'n groot aantal respondente geen voor- en/of nadele van die stel= sel aangedui het nie, word aanbeveel dat ondersoek ingestel word na:

a. die implikasies van die verlaging in promoveringsvereistes vir st. 5-leer= linge;

b. die eksamenstelsel vir leerlinge wat in verskillende bekwaamheidsgroepe on= derrig ontvang, maar dieselfde eksamen moet aflê;

c. die algemene omvang van sillabusse;

d. die standaard van onder andere Wiskunde en Algemene Wetenskap; en

e. algemene personeelvoorsiening in die primêre skool.

Na aanleiding daarvan dat daar in die Oranje-Vrystaat so 'n groot aantal (53) plaasskole, met 20 en minder leerlinge bestaan (kyk par. 8.3), word aanbeveel dat ondersoek ingestel word na die implikasies daarvan vir gedifferensieerde onderwys in die algemeen en die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in die besonder.

11.11.2 Sekondêre skole (vgl. hoofstuk 10)

11.11.2.1 Funksionele Wiskunde en Natuur- en Skeikunde (vgl. par. 10.2)

Vraelysresponse toon dat 4,9% (4) skole (3 Tegniese en 1 sekondêre skool met 'n Tegniese afdeling) Funksionele Wiskunde en 3,7% (3) skole (3 Tegniese skole)

Funksionele Natuur- en Skeikunde aanbied.

Sommige respondente dui aan dat die moeilikheidsgraad van Standaardgraad Wis= kunde en Natuur- en Skeikunde vir 'n groot persentasie leerlinge te hoog is, omdat alle leerlinge in die Tegniese skool hierdie twee vakke moet neem. Hier= uit blyk dan ook die rasionaal vir die instelling van die Funksionele vakke.

11.11.2.2 Hoër en Standaardgraadvakke (vgl. par. 10.3)

Vraelysresponse toon dat 90,1% (73) skole Standaard- en Hoër Graadvakke gelyk= tydig in dieselfde lokaal aanbied, terwyl 9,9% (8) skole leerlinge hiervoor in aparte klasse groepeer. Die volgende redes word vir hierdie saamgroepering aangedui:

a. onvoldoende personeelvoorsiening word deur 67,1% (49) respondente as die belangrikste rede genoem;

b. op grond van klein getalle leerlinge in Standaard-en/of Hoër Graadgroepe (kyk tabel 10.5) vind 42,5% (31) respondente dit onprakties om leerlinge, wat 'n vak op verskillende vlakke neem, in afsonderlike lokale te onder= rig;

c. roosterprobleme word deur onvoldoende personeelvoorsiening in die hand gewerk; en

d. 'n tekort aan klaskamerfasiliteite word deur 10,9% (8) respondente as die basiese probleem aangedui.

Onvoldoende personeelvoorsiening is hiervolgens die belangrikste rede waarom leerlinge van verskillende vakvlakke gelyktydig in dieselfde lokaal onderrig word. Hierdie feit word nie alleen deur vraelysresponse van 67,1% (49) skole aangedui nie, maar verder gestaaf deur die feit dat 9 skole met 550 en 1 600, leerlinge in bepaalde vakvlakke saamgroepeer. Hierdie 9 skole dui personeel= tekorte as die motivering daarvoor aan.

Uit die 73 skole wat leerlinge van verskillende vakvlakke vir gelyktydige on=derrig saamgroepeer, dui 76,7% (56) respondente aan dat hierdie reëling doel=treffende differensiasie onmoontlik maak, terwyl 23,3% (17) respondente aan=dui dat dit wel opvoedkundig geslaagd kan geskied.

Op grond van aangehaalde navorsingsresultate en opvoedkundige besinning, is dit duidelik dat een van die grootste struikelblokke in die weg van doeltref=fende differensiasie in die Oranje-Vrystaat die gelyktydige aanbieding van verskillende vakvlakke in dieselfde klaskamer is. Om te kom tot oplossings vir dié probleem moet op die twee belangrikste aanleidende faktore gekonsentreer word, naamlik onvoldoende personeelvoorsiening, wat onafhanklik van die grootte van skole voorkom, en die klein groepies leerlinge wat vakke op Hoër of Stan=daardgraad volg in kleiner sekondêre skole. Met betrekking tot laasgenoemde word volgens tabel 10.5 bereken dat daar in 10 skole 'n totaal van: (Hoër Graad = HG; Standaardgraad = SG).

a. 42 leerlinge Rekeningkunde HG;
b. 77 leerlinge Rekeningkunde SG;
c. 42 leerlinge Wiskunde HG; en
d. 39 leerlinge Wiskunde SG volg.

Indien Standaard- en Hoër Graadvakke in dié 10 skole afsonderlik aangebied word, sal daar 10 onderwysers vir elke vakvlak benodig word. Met betrekking tot die groottotaal leerlinge sal daar egter teen 'n gemiddeld van 30 leerlinge per klas onderskeidelik 2 onderwysers per vakvlak benodig word. In 'n tyd van per=soneeltekorte in veral die sogenaamde "skaars vakke" soos Wiskunde en Natuur- en Skeikunde is die ekonomiese aanwending van mannekrag 'n eis.

## Aanbevelings

Met betrekking tot Standaard- en Hoër Graadvakke word aanbeveel dat:

a. indringende ondersoek na die instelling van 'n meer buigsame personeelvoor=sieningskaal uitgevoer moet word. Die nuwe gedifferensieerde onderwysstel=sel kan nie in sy basiese doelstelling, naamlik voorsiening vir individuele

verskille by leerlinge, met die huidige personeeltoewysing slaag nie.

In 12 skole met tussen 550 en 1 000 leerlinge, wat leerlinge in aangeduide vakvlakke (volgens vraelysresponse) saamgroepeer, is daar gemiddeld 20 leerlinge per vakvlak. Aan hierdie skole behoort voldoende personeellede voorsien te word; en

b. die sentraliseringstelsel vir kleiner sekondêre skole (vergelyk tabel 10.5), soos deur Rossouw in 1974 aanbeveel is, ondersoek moet word.

11.11.2.3 <u>Organisasie van die Praktiese kursus</u> (vgl. par. 10.4)

Daar is 40 skole wat 'n totaal van 51 Praktiese kursusse in st. 6 - 8 en 16 in st. 9 - 10 aanbied. Vraelysresponse toon dat die meeste, naamlik 45,1% (23) en 37,5% (6) van die Praktiese kursusse in die Handelsrigting in onder= skeidelik st. 6 - 8 en 9 - 10 aangebied word.

Die getal minderbegaafde leerlinge vir wie daar gedifferensieerde onderwys= voorsiening deur middel van die Praktiese kursus gemaak word, is 3 021 leer= linge in 40 skole. In totaal is daar 175 meer seuns as dogters wat dié kur= susse volg.

Alhoewel geen skole leerlinge in die Praktiese en Gewone kursusse vir eksa= menvakke saamgroepeer nie, word dit wel vir nie-eksamenvakke soos Liggaam= like Opvoeding, Sang en Voorligting deur 'n aantal skole gedoen. Hierdie praktyk kan met betrekking tot die eerste twee vakke slegs bydra tot 'n be= ter inskakeling van die minderbegaafde op sosiale vlak en bydra tot 'n geba= lanseerde persoonlikheidsontwikkeling. Saamgroepering van die twee groepe leerlinge vir Voorligting hou nie rekening met die opvoedkundige en beroeps= toekoms van die leerling in die Praktiese kursus nie en is opvoedkundig af te keur.

Volgens vraelysresponse is die meeste, naamlik 42,5% (17) respondente van me= ning dat 11 tot 15 leerlinge die minimum getal vir die instelling van 'n Praktiese kursus in st. 6 behoort te wees. Volgens 42,9% (15) respondente

is 5 tot 10 leerlinge voldoende om diê kursus in st. 9 voort te sit.

11.11.2.4 Fasiliteite, personeel- en handboekvoorsiening vir die Praktiese kursus (vgl. par. 10.5)

Volgens vraelysresponse beskik 85,0% (34) respondente oor voldoende fasili= teite vir die gebruik deur alle leerlinge in die skool. Hierbenewens dui 15,0% (6) respondente behoeftes met betrekking tot praktikumlokale vir Ver= koopskuns en Besigheidsmetodes en laboratoria vir Wetenskap en Biologie aan.

Volgens 90,0% (36) respondente is die personeelvoorsiening voldoende om die Praktiese kursus met sukses deur te voer. Die ander 10,0% (4) respondente dui personeeltekorte (kwantitatief en kwalitatief) met betrekking tot die volgende vakke aan: Tikskrif, Huisvlyt en Hout- en Metaalwerk. Die afson= derlike hantering van Engelsmediumgroepe stel verdere eise aan die personeel.

In sts. 6, 7 en 8 is daar 'n relatief klein persentasie, naamlik onderskeide= lik 12,5% (5), 17,5% (7) en 17,5% (7) skole wat tekorte in die voorsiening van handboeke in Algemene Wetenskap, Praktiese Wiskunde, Tikskrif en Huis= vlyt ondervind. In st. 9 ondervind die meeste, naamlik 62,5% (10) respon= dente probleme in die beskikbaarheid van feitlik alle handboeke.

11.11.2.5 Beroepstoetrede van leerlinge in die Praktiese kursus (vgl. par. 10.6)

Uit vraelysresponse blyk dat 37,5% (15) respondente opvolging van leerlinge uit die Praktiese kursus gedoen het. 'n Aantal van die 62,5% (25) respondente, wat nie opvolging van diê leerlinge met betrekking tot beroepstoetrede gedoen het nie, is egter in die posisie dat die eerste groep leerlinge gedurende 1977 in st. 8 is, en hulle dus nog geen leerlinge het om op te volg nie.

Bevindings van opvolgwerk wissel van algehele aanvaarding van leerlinge in die handel en nywerheidswese tot 'n trae opname van hierdie leerlinge in die ar= beidsmark. Laasgenoemde houding van werkgewers mag in 'n groot mate op on=

sekerheid met betrekking tot die inhoud en standaard van die Praktiese kur= susse berus. In 'n tydvak van steeds groter klem op toepaslike kwalifikasies en produktiwiteit bied die Praktiese kursus aan leerlinge, wat voor die in= stelling van die kursus die skool op 'n vroeë stadium na herhaalde mislukkings moes verlaat, nie alleen 'n beter geleentheid tot prestasie in minder akademie= se en meer prakties-gerigte kursusse nie, maar ook 'n breër persoonlikheids= vorming in 'n kursus wat tot st. 10 strek.

Die leerling wat die skool vanuit die Praktiese kursus in st. 8 of 10 verlaat, is tans 'n groter bate vir die beroepsektor as dieselfde leerling wat vroeër as gefrustreerde en emosioneel onrype mens tot die beroepswêreld toegetree het.

Die waardes van die Praktiese kursus, wat deur respondente aangedui is, sen= treer rondom die gedagtes wat in die vorige twee paragrawe uiteengesit is. Enkele "groeipynprobleme", naamlik oorvereenvoudiging van sillabusse, oninge= ligtheid van die ouers en algemene publiek, groot klasse, beroepsmoontlikhede en gebrek aan toepaslike hulpmiddels word in die aanbevelings vervat.

Aanbevelings

Met betrekking tot die Praktiese kursus word aanbeveel dat:

a. die instelling of voortbestaan van 'n Praktiese kursus in st. 6 en 9 by elke skool op meriete beoordeel moet word;

b. die beroepsmoontlikhede van leerlinge in die verskillende Praktiese kur= susse na intensiewe samespreking met verteenwoordigers van die handel en nywerheidswese in 'n amptelike publikasie saamgevat moet word, sodat alle onderwysers, leerlinge en ouers duidelikheid daaroor sal hê;

c. ten alle koste daarteen gewaak moet word om by die beroepsektor en algemene publiek die indruk te skep dat die leerling in die Praktiese kursus oor dieselfde vermoëns en gelyke kwalifikasies as die leerling in die Gewone kursus beskik. Die werkgewer wat twee st. 10-leerlinge - 1 met 'n st. 10-

Praktiese sertifikaat en 1 met 'n skooleindsertifikaat -in diens neem, mag na ervaring dat dié twee leerlinge nie dieselfde werkstandaard kan handhaaf nie, 'n negatiewe houding teen leerlinge in die Praktiese kur= sus ontwikkel (kyk par. 5.7.2). In hierdie beredenering word van die veronderstelling uitgegaan dat albei leerlinge 'n integrasie van posi= tiewe persoonlikheidskenmerke openbaar, omdat fisiese vaardighede en in= tellektuele vermoëns nie die enigste bepalende faktore vir sukses in 'n beroep is nie (vergelyk hoofstuk 3);

d. ouers van leerlinge in die Praktiese kursus na byeenkomste by die skool uitgenooi word, waartydens persone uit die beroepsektor hulle kan toe= spreek oor die beroepsmoontlikhede van die leerlinge;

e. die standaarde van sillabusse vir vakke in die Praktiese kursusse van tyd tot tyd deur departementele komitees ondersoek moet word, sodat teen te hoë, maar ook te lae standaarde gewaak kan word;

f. identifisering en aanbeveling van leerlinge tot oorskakeling na die Prak= tiese kursus op grond van 'n totaliteitsbeeld van die leerling (kyk par. 5.8.2.1) deur die hoof, Voorligter en inspekteur-sielkundige gedoen word. Hierdie aanbeveling moet in 'n persoonlike onderhoud aan die ouers verduidelik word, sodat hulle tot insig in die leerling se probleem en toekomsmoontlikhede kan kom; en

g. ondersoek ingestel word na personeeltekorte by enkele skole met groot klasse (± 35 leerlinge), en geskikte oudio-visuele hulpmiddels vir die onderskeie vakke.

11.11.2.6 <u>Organisasie van Voorligting in sekondêre skole</u>
(vgl. par. 10.8)

In die 56,8% (46) skole, wat standerds in meer as een klasgroep verdeel, is daar slegs 'n klein persentasie wat klasse vir Voorligting saamgroepeer. Die effektiwiteit van Voorligting ly egter deur hierdie saamgroepering skade (kyk par. 10.8).

In die weeklikse skoolprogram word die bepaling van die Onderwysdepartement, naamlik 1 periode per klasgroep per week met betrekking tot groepvoorligting

in die algemeen deurgevoer. Uit vraelysresponse word die volgende gevolg=trekking rakende individuele onderhoude gemaak:

a. individuele Voorligtingswerk neem in die meeste gevalle slegs 'n "nood=hulpkarakter" aan; terwyl

b. Voorligting met betrekking tot die finale studierigting- en vakkeuse na st. 7 slegs in een geval realistiese erkenning geniet (tyd per week: st. 6: 60 minute; st. 7: 120 minute; sts. 8 en 9: 60 minute elk; st. 10: 180 minute). Om 5 of 10 minute per week aan individuele Opvoedkundige en Persoonlikheidsvoorligting te bestee (vergelyk vraelysresponse), is skaars genoeg tyd om in 'n onderhoudsituasie rapport met een leerling te bewerk=stellig.

Respondente se aanduidings van watter persone leerlingprobleme, wat gespesia=liseerde kennis vereis, hanteer, is in drie kategorieë aangebied, naamlik: (a) skole met 'n Psigometrikus (indiensopleidingskursus in psigometriese tegnieke as opleiding), (b) skole met 'n toepaslik opgeleide Voorligter en (c) skole met personeellede sonder enige opleiding in Voorligting.

Die belangrikste persoon of instansie vir die hantering van die verskillende probleme (soos deur die drie kategorieë onderskeidelik aangedui), is soos volg saam te vat. Met betrekking tot:

a. studie- en leerprobleme word die Psigometrikus (tabel 10.18(a)), die Voor=ligter met toepaslike opleiding (tabel 10.18(b)) en die Hoof (tabel 10.18 (c)) deur die drie kategorieë onderskeidelik aangedui;

b. persoonlikheidsprobleme word die Hoof deur al drie groepe as die persoon met die hoogste prioriteit verkies;

c. studierigting- en vakkeuseprobleme word die Psigometrikus in die eerste groep en in die laaste twee groepe die Hoof as die belangrikste persoon aangewys; en

d. beroepskeuseprobleme word die Psigometrikus, die Voorligter met toepaslike

opleiding en die Voorligter sonder toepaslike opleiding onderskeidelik deur die drie groepe aangedui as die persoon wat die hoogste prioriteit in die hantering van dié probleme behoort te geniet.

Uit hierdie gegewens blyk dat die hoof die persoon is wat persoonlikheidspro= bleme hanteer, terwyl die Voorligters, met verskillende grade van toepaslike opleiding, vir die hantering van beroepskeuseprobleme verantwoordelik is.

Die toepaslik opgeleide Voorligter, wat slegs Voorligtingswerk doen (verge= lyk par. 10.10), beskik nie alleen oor die professioneel-akademiese oplei= ding om opvoedkundige en persoonlikheidsprobleme op 'n vroeë stadium te iden= tifiseer nie, maar staan verder los van 'n dissipline-atmosfeer waarin die hoof hom bevind. Die leerling sal daarom in die eerste plek liefs na die Voorligter, wat altyd beskikbaar is, gaan met sy probleem. Al sou die hoof self 'n toepaslik opgeleide Voorligter wees, sou sy pligte as hoof nie vol= doende tyd toelaat om Voorligting op kontinue basis te hanteer nie.

Alle onderwysers deurloop vanaf 1977 'n kursus in Algemene Voorligting, so= dat die vakonderwyser beter toegerus is om leerlingprobleme te identifiseer en dit via die hoof onder die Voorligter se aandag te bring. Dit is egter oneties om die vakonderwyser toe te laat om probleme, wat gespesialiseerde kennis vereis, te hanteer. Kruger (1977, p. 118) sê hiervan: "Vanselfspre= kend kan werklike Voorligting slegs deur 'n opgeleide persoon gedoen word. Swak Voorligting doen dikwels meer skade as goed".

Psigometrici, wat slegs kort kursusse in die afneem van psigometriese toetse deurloop het, kan die Voorligter se taak in die afneem van psigometriese toetse as hulptoetsafnemers in 'n groot mate verlig.

Die inspekteur-sielkundige en kliniekpersoneel is spesialiste waarheen die Voorligter leerlinge met gekompliseerde probleme verwys.

Aanbevelings

Met betrekking tot die organisasie van Voorligting word aanbeveel dat:

a. Ten opsigte van die Voorligtingsprogram:

   1. groepvoorligting aan alle klasgroepe afsonderlik aangebied; en

   2. geskeduleerde onderhoude met al die st. 7- en 10-leerlinge vir Op= voedkundige en Beroepsvoorligting moet word.

b. die Voorligter in die middae vanaf 'n vasgestelde tyd vir ten minste 'n uur in sy kantoor beskikbaar is vir leerlinge en/of hul ouers;

c. psigometriese toetse deur toepaslik opgeleide Voorligters (professioneel-akademies) afgeneem word en Psigometrici as hulptoetsafnemers optree; en

d. alle leerlingprobleme wat gespesialiseerde hantering (kennis) vereis via die hoof na die Voorligter verwys moet word.

11.11.2.7 Kwalifikasies en kwaliteite van die Voorligter (vgl. par. 10.9)

Volgens vraelysresponse beskik slegs 7,4% (6) en 2,5% (1) skole oor toepaslik opgeleide Voorligters (Voorligtingsielkunde III en H.O.D. of Psigologie III en H.O.D. met spesialisering in Voorligting of B.Ed. met spesialisering in Voorligting) as Voorligter no. 1 en 2 onderskeidelik. Daar is 43,2% (35) en 37,5% (15) skole wat oor Psigometrici, as Voorligters no. 1 en 2 onderskeidelik, beskik. Verder is daar 49,4% (40) en 60,0% (24) skole met Voorligters, as Voorligter no. 1 en 2 onderskeidelik, wat geen opleiding in Voorligting ontvang het nie.

Uit vraelysresponse blyk dat die meeste, naamlik 50,6% (41) respondente toepas= like gespesialiseerde opleiding as die belangrikste vereiste, 46,9% (38) respon= dente persoonlikheidseienskappe as die tweede belangrikste vereiste en 59,3%

(48) respondente onderwyservaring as die derde belangrikste vereiste vir 'n Voorligter stel.

Alhoewel die meeste hoofde hiervolgens die hoogste premie plaas op toepaslike opleiding by die Voorligter, is daar nogtans slegs 'n klein persentasie Voor=ligters met hierdie kwaliteit in Voorligtingposte. Die suksesvolle implemen=tering van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys hang ten nouste saam met die kwaliteit Voorligting wat in skole gegee word.

Die instelling van die pos "Departementshoof Opvoedkundige leiding" in pri=mêre en sekondêre skole kan Voorligting slegs ten goede kom. In die Transvaal=se Onderwysdepartement word die "daarstelling van 'n doeltreffende stelsel vir die uitkenning en hantering van leerlinge met probleme" as een van hierdie persoon se funksies gestel (Buitengewone offisiële koerant, 10 Augustus 1977, p. 11). Indien die pos nie deur 'n toepaslik opgeleide Voorligter gevul word nie, behoort daar ten minste 'n Voorligter met hierdie kwaliteite op die per=soneel te wees. Andersyds sou 'n departementshoof sonder akademies-professio=nele opleiding in Voorligting moeilik daarin kon slaag om die doeltreffendheid heid van die genoemde Voorligtingsaktiwiteite te beoordeel.

## Aanbevelings

Met betrekking tot die kwalifikasies en kwaliteite van die Voorligter word aan=beveel dat:

a. ondersoek ingestel word na die werklike getal toepaslik opgeleide Voorlig=ters in skole. Dit mag wees dat daar Voorligters is wat voltyds in ander vakke onderwys gee;

b. Psigologiestudente aangemoedig word om hulle in die onderwysdiploma-jaar in Voorligting te bekwaam. Hiervoor is duidelike strukturering van die Voorligter se plek in die skool deur die Onderwysdepartement nodig. Die feit dat daar jaarliks slegs enkele Voorligtingposte geadverteer word, bring mee dat die student voorkeur gee aan vakke wat vir hom "'n toekoms bied"; en

c. die promosiepos "Departementshoof Opvoedkundige leiding" in die Oranje-Vrystaat geïmplementeer word met toepaslike opleiding in Voorligting as die belangrikste vereiste.

11.11.2.8 Werkspatroon van 'n toepaslik opgeleide Voorligter (vgl. par. 10.10)

Volgens die meeste, naamlik 55,6% (45) respondente behoort die Voorligter nie uitsluitlik Voorligtingswerk te behartig nie, maar ook vakonderwys te gee. Die meerderheid van hierdie respondente, naamlik 44,4% (20) is van mening dat die Voorligter se program so georganiseer moet word dat hy 30 tot 50% van die tyd op die skoolrooster aan Voorligtingswerk en die res van die tyd aan vakonderwys moet bestee. Na vergelyking van bepaalde response met die grootte van die betrokke skole, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verband tussen hierdie twee faktore (grootte van die skool en die werkspatroon van die Voorligter) bestaan. Die grootste persentasie kleiner sekondêre skole (± 200 en minder leerlinge) is van mening dat die Voorlig=ter die grootste persentasie van sy tyd aan vakonderwys moet bestee. Hier=die beskouing is in stryd met die beginsels waarop Voorligting berus (kyk par. 7.5).

Volgens 86,4% (70) respondente moet psigometriese toetse deur Voorligters in die skool afgeneem word. Die departementele Voorligter word deur 8,6% (7) respondente as toetsafnemer verkies.

Aanbevelings

Met betrekking tot die werkspatroon van 'n toepaslik opgeleide Voorligter word aanbeveel dat:

a. die Voorligter slegs Voorligtingswerk behartig en vir geen vakonderwys verantwoordelik moet wees nie; en

b. die Voorligter hiervolgens vir die afneem van alle psigometriese toetse verantwoordelik behoort te wees.

11.11.2.9 Waardes en tekortkominge van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in sekondêre skole (vgl. par. 10.11)

Die waardes van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel, wat deur res= pondente uiteengesit is, toon dat dié stelsel deur hoofde aanvaar word as die beste wyse waarop daar vir individuele verskille by leerlinge voorsien= ing gemaak kan word.

Met betrekking tot die tekortkominge van die stelsel wat deur respondente ervaar word, word aanbeveel dat ondersoek ingestel word na:

a. die differensiasie tussen en omvang van Hoër en Standaardgraadvraestelle in die matrikulasie-eksamen;

b. die differensiasie tussen en omvang van Hoër en Standaardgraadsillabus= se; en

c. die voorspellingswaarde van bestaande psigometriese toetse vir sukses in bepaalde studierigtings.

## 11.12 Kritiese oorskouing van die studie

Die ondersoek na die implementering van die nuwe gedifferensieerde onderwys= stelsel sou van groter waarde gewees het indien al vier provinsies betrek kon word. Een onderwysdepartement wou egter nie toestemming verleen tot on= dersoek in dié provinsie se skole nie.

In die bespreking van die provinsiale toepassings van die nasionale beleid is gebruik gemaak van beskikbare omsendskrywes van onderwysdepartemente aan skole. In die eerste plek kan nie daarop aanspraak gemaak word dat alle toe= paslike omsendskrywes opgespoor en geraadpleeg is nie. Tweedens moes hierdie gedeelte van die literatuurstudie op 'n bepaalde tydstip afgerond word, sodat die mees resente inligting moontlik nie ingesluit is nie.

Vraelysterugsendings is waarskynlik beïnvloed deur die groot aantal items

waaruit veral die vraelys aan sekondêre skole bestaan het. Skole met 'n primêre en sekondêre afdeling moes beide vraelyste voltooi. Om die omvang van die vraelyste te beperk, is daar in enkele gevalle (byvoorbeeld in die vraelys aan sekondêre skole:Afdeling C, Vraag 7) nie 'n gestruktureerde res= ponsruimte vir kwalifisering van 'n respons voorsien nie. Die maksimum in= ligting oor 'n bepaalde saak kon dus nie in alle opsigte ingewin word nie.

In die vraelys aan sekondêre skole (Afdeling C, Vraag 4) is die begrip "Voorligter met toepaslike opleiding" nie gekwalifiseer nie, sodat responden= te moontlik verskillende interpreterings daarvoor kon hê. Die betroubaar= heid van response is hierdeur negatief beïnvloed.

Omdat die Praktiese kursus in die Oranje-Vrystaat eers in 1978 in st. 10 aangebied word, kon hierdie aspek van die nuwe stelsel nie in totaliteit on= dersoek word nie. Respondente kon daarom slegs kommentaar lewer oor die kur= sus tot en met st. 9.

## 11.13 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Enkele sake wat verder nagevors behoort te word, is:

a. die inpassing van die plaasskool (4 en minder onderwysers) in die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel;

b. die waarde van bekwaamheidsgroepering in die primêre skool vir die ont= wikkeling van stabiele belangstellingspatrone en aanlegte in die junior sekondêre skoolfase;

c. die program van die toepaslik opgeleide Voorligter op die personeel van die primêre skool;

d. die voorkoms van en voorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge in primêre skole sonder spesiale klasse;

e. die struikelblokke in die weg van 'n sentraliseringstelsel vir kleiner sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat; en

f. die beskikbaarheid van toepaslik opgeleide Voorligters in die sekon= dêre skool, sodat vasgestel kan word of daar sodanige Voorligters is wat nie in hierdie poste aangestel is nie.

Periodieke opvolgondersoeke van verskillende aspekte van die nuwe gedifferen= sieerde onderwysstelsel is van kardinale belang. Hierdie navorsing behoort op nasionale vlak gekoördineer te word.

## 11.14 Slotopmerkings

In hierdie studie is ondersoek ingestel na die implementering van die nasio= nale beleid van gedifferensieerde onderwys in die primêre en sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat. Uit die literatuur is ondersoek ingestel na die grondslae en tegnieke vir gedifferensieerde onderwys, individuele verskille by leerlinge, gedifferensieerde onderwysvoorsiening vanaf ongeveer 1925 en die rol van Voorligting in die primêre en sekondêre skool.

Uit vraelysresponse van 86,1% (99) primêre skole word afgelei dat die beklem= toning van vakonderwys en vroeë identifisering van kinders met leer- en ander gestremdhede van die belangrikste beginsels in die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in primêre skole van die Oranje-Vrystaat is. Die waarde wat 'n verantwoorde bekwaamheidsgroepering in gedifferensieerde voorsiening vir individuele verskille omvat, word nog nie deur hoofde ten volle begryp en geïmplementeer nie. Die kontinue vasstelling van en voorsiening vir indivi= duele verskille by leerlinge kan alleen op grond van wetenskaplik verantwoorde kriteria geskied, indien 'n toepaslik opgeleide Voorligter op die personeel van die primêre skool aanwesig is.

Vraelysresponse van 91,0% (81) sekondêre skole toon eerstens dat onvoldoende personeelvoorsiening die belangrikste rede is waarom verskillende vakvlakke gelyktydig in dieselfde lokaal aangebied word. Doeltreffende differensiasie ly in 'n groot mate hierdeur skade. Die erkenning van differensiële aanlegte en bekwaamheidsvlakke op intra- en inter-individuele vlakke is een van die belangrikste kenmerke van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel.

Inligting oor die inhoud en doelstellings van die Praktiese kursus, sowel as die beroepsmoontlikhede van leerlinge wat die kursus in sts. 8 en 10 voltooi, moet nie alleen aan die ouers van leerlinge in die kursus verstrek word nie. Die algemene publiek en werkgewers moet deur middel van die kommu= nikasiemedia deur outoriteite van die Onderwysdepartement oor die genoemde aspekte ingelig word.

Uit die empiriese ondersoek is die gebrek aan toepaslik opgeleide Voorlig= ters in sekondêre skole as een van die belangrikste probleme in die weg van doeltreffende implementering van gedifferensieerde onderwys vasgestel. Die Voorligter wat vakonderwys as deel van sy opdrag het, kan nie daarin slaag om die Voorligtingsprogram in al sy fasette suksesvol deur te voer nie.

Ten slotte is dit die taak van die Christen-wetenskaplike om die ongelykheid van leerlinge, op grond van die unieke geskapenheid as beelddraers van God, te ondersoek en aanbevelings vir doelmatige gedifferensieerde onderwysvoor= siening te maak. Hierdie voorsiening behoort vir alle leerlinge, op grond van hul gelykwaardigheid voor God, daargestel te word.

## SUMMARY

## THE IMPLEMENTATION OF THE SYSTEM OF DIFFERENTIATED EDUCATION IN PRIMARY AND SECONDARY SCHOOLS OF THE ORANGE FREE STATE

### 1. AIM OF STUDY

The following aims have been set for this study:

a. to discover the criteria used by primary schools in dividing pupils of a specific standard into classgroups;

b. to discover in which standards subject-teaching has been implemented;

c. to study the functioning of Guidance in the primary school;

d. to find out by what means exceptional pupils have been cared for;

e. to what extent the simultaneous presenting of Higher and Standard Grade subjects in the same classroom can be effective;

f. the advantages and/or disadvantages in implementing the Practical course; and

g. the functioning of Guidance in the implementation of differentiated education in secondary schools.

### 2. Study method

In this study the descriptive method is used. The development of differentiated education in South Africa as well as the foundations and techniques of differentiated education have been studied from sources of literature.

The aim of the empirical research was to study the implementation of the na= tional system of differentiated education in the Orange Free State. For this purpose questionnaires were sent to primary and secondary schools in this province.

3. Primary schools: presentation of responses

Questionnaires were sent to 115 primary schools. A return of 86,1% (99) of the questionnaires was obtained.

3.1 Grouping of pupils

The 62,6% (62) of the schools with more than one class-group in a standard make use of different criteria in different standards so that responses could not be expressed in proportion to the total number of respondents.

The following responses were expressed in connection with the junior primary phase:

a. no schools prefer I.Q. as only criterion for dividing class-groups;

b. 40 responses show a preference for schoolmarks as only criterion;

c. 12 responses were in favour of I.Q. and schoolmarks as combined criteria;

d. most responses (69) were in favour of dividing class-groups by means of alphabetical order according to pupils' surnames; and

e. 48 responses show a preference for dividing pupils into equal groups.

In the senior primary phase:

a. I.Q. was not selected by schools as criterion;

b. most responses (62) were in favour of schoolmarks as criterion;

c. 39 responses favoured I.Q. and schoolmarks;

d. 53 responses indicated division by needs of alphabetical order; and

e. equal groups were indicated by 48 responses.

3.2 Subject-teaching

Although subject-teaching in the junior primary phase has been forbidden by the Department of Education (O.F.S.) a small percentage has subject-teachers for specific subjects. In the senior primary phase and std. 5 93,9% (93) of the schools have subject-teachers for English, in comparison with the 75,7% (75) for History and Geography.

According to 52,5% (52) of the respondents subject-teaching ought to start in std. 4, while 36,4% (36) prefer std. 3 as starting point. Starting off with subject-teaching in std. 3 or 4 prepares the pupil for the junior se= condary phase. In this way individual differences in specific subjects re= ceive specialized attention of subject-teachers.

3.3 Guidance

Pupil's intelligence test results are available at 97,0% (96),aptitude test results at 85,9% (85) and interest questionnaire results at 41,4% (41) of the schools. Application of the tests have been done by staff-members in 99,0% (98) of the schools and in 10% (1) by the school psychologist.

Different procedures are followed in guiding pupil according to choice of high school and study course. The inspector psychologist/school clinic hand= les the whole matter in 2,0% (2) of the schools. In the majority of schools, 51,5% (51), the principal handles the guidance activities himself. Although a few principals might have appropriate training (academical and professio=

nal) in Guidance the majority can only rely on experience in connection with the primary school practice. The primary schools urgently need well trained Guidance teachers on their staff to fulfil this function adequa= tely.

Appropriately trained teachers handle the guidance of std. 5 pupils in 9,1% (9) of the schools. In 13,1% (13) of the schools the inspector psychologist/ school clinic applies the tests and the school uses the results in later councelling with pupils and their parents. Other procedures are applied by 24,2% (24) of the schools in guiding std. 5 pupils. One of these is the visit by a secondary school principal to primary schools in the area. On such an occasion he informs the pupils about study courses at his school. This procedure does not take into account the pupil as a person with diver= sive personality traits.

Only 38,4% (38) of the respondents prefer a Guidance teacher on the staff of the primary school. The need for a remedial teacher is expressed by 93,9% of the respondents.

### 3.4 Special and adaptation classes

Educable retarded pupils are cared for in special classes by 36,4% (36) and pupils with learning handicaps in adaptation classes by 37,4% (37) of the schools.

### 3.5 Advantages and disadvantages of the new system of differentiated education in the primary school

Subject-teaching and stressing of early identification of pupils with learning problems and mental retardation are seen as some of the advantages of the new system.

Insufficient staff allocation, too extensive syllabuses and an unrealistic standard in subjects like Mathematics and Science are some of the mentioned

disadvantages for the primary school.

## 4. Secondary schools: presentation of responses

Questionnaires were sent to 89 secondary schools. A return of 91,0% (81) of the questionnaires was obtained.

### 4.1 Functional Mathematics and Functional Science

Functional Mathematics is presented by 4,9% (4) of the schools, while 3,7% (3) of the schools present Functional Science. These subjects are mainly presented in technical schools because all the pupils enrolled have to take Mathematics and Science up to matriculation level.

### 4.2 Higher and Standard Grade subjects

Responses indicated that 90,1% (73) of the schools offer subjects in Standard and Higher Grade simultaneously in the same classroom, while the remaining 9,9% (8) of the schools offer subjects in different rooms.

Insufficient staff allocation is indicated by 67,1% (49) of the respondents as the main reason for the above mentioned practice. Small class-groups are seen as the barrier by 42,5% (31) respondents. Classroom facilities and problems in integrating the time table were also mentioned by a few schools.

Pupils are grouped together for Higher and Standard Grade Accountancy, Mathematics, History, Geography and Biology.

Responses clearly show that there cannot be efficient differentiation by offering subjects on Higher and Standard Grade simultaneously in the same classroom.

From a total number of 75 respondents 50,7% (38) envisage the ideal number of

pupils in a secondary school in South Africa from 401 up to 600 pupils. Res= ponses were, however, influenced by the present number of pupils in respon= dents' schools.

The majority of respondents, viz 56,8% (46) share the view that 5 to 10 pupils is the minimum number for establishing or continuing a subject in the senior secondary phase.

## 4.3 Organization of the Practical course

In 40 schools 51 Practical courses are presented in std. 6 to 8 and 16 in std. 9 to 10. Most of the courses, viz 45,1% (23) in std. 6 to 8 and 37,5% (6) in std. 9 to 10 are Commercial.

According to 40 schools 3 021 pupils follow the Practical course, boys being in the majority by 175.

No schools group together pupils of different courses (Practical and Ordinary) except for compulsory non-examination subjects such as Physical Education, Singing and Guidance. From an educational view point grouping of pupils for Guidance is wrong.

## 4.4 Facilities, staff and text book sufficiency for the Practical course

According to 85,0% (34) of the respondents adequate facilities for all the pupils for practical work are available.

The remaining 15,0% (6) experience specific problems in the following subjects: Business Methods and Industrial Arts (practical class), Science and Biology (laboratories).

Staff allocation, according to 90,0% (36) of the respondents, is sufficient to implement the Practical course successfully. The remaining 10,0% (4) indicate

staff insufficiency in connection with the following subjects: Typing, Cookery and Needlework and Handicrafts.

Text book problems are experienced by 12,5% (5), 17,5% (7) and 17,5% (7), of the schools in stds. 6, 7 and 8 respectively. The following subjects were indicated: General Science, Practical Mathematics and Typing. The majority, viz 62,5% (10) of the respondents have problems in the availa= bility of text books in most subjects.

## 4.5 Filling of occupations by pupils from the Practical course

Of the respondents 37,5% (15) inquired about the occupations filled by pu= pils who left school after completing std. 8 in the Practical course. The remaining 62,5% (25) of the respondents have not been in the position to respond to this item, because their first group of pupils in the Practical course is in std. 8 during 1977.

Findings are both positive and negative: most pupils succeeded in finding satisfactory work,while some respondents reported difficulties in this con= text as symptoms of a satiated labourmarket.

## 4.6 Advantages and shortcomings of the Practical course

Pupils who could otherwise become frustrated and inferior are catered for by the Practical course. The course is designed to cater for their educatio= nal needs and is in keeping with their abilities, aptitudes and interests.

Pupils in possession of a std. 8 or 10 certificate (Practical) have better occupational opportunities than pupils who whould have to leave school before they reach std. 8.

The extended school career for pupils in the Practical course also results in more mature persons entering occupations.

On the other end of the scale 22,5% (9) of the respondents hold the view that syllabuses of subjects in the Practical course are too simplified.

The course has also been stigmatised by parents and other persons who do not know the reason for the Practical course or the occupational possibilities for pupils from this course.

## 4.7 Organizing Guidance in secondary schools

The number of pupils in a class-group influences their frankness to take part in classroom discussions. Small groups (30 pupils) ensure more effective group guidance than classes grouped together for this purpose. Within class-groups pupils also know each other relatively better. According to respon= ses only a few schools group classes together for Guidance.

In the vast majority of schools individual counselling is not part of an or= ganized Guidance programme. It has an emergency pattern. Devoting 5 to 10 minutes weekly for continuous educational and personality counselling is not even enough time to establish contact with one pupil.

The most important quality for successful handling of problems (study and learning, personality, study course and subject- and vocational choice pro= blems) is appropriate training (academic and professional) in Guidance. Ac= cording to responses the principal is viewed as the most important person to handle pupils with personality problems. No prerequisite, however, in connec= tion with appropriate training in Guidance is set. Respondents also indicated that Guidance teachers with appropriate training and others who have only fol= lowed a holiday course(-s) in applying psychometric tests, are the most im= portant persons in handling vocational choice problems.

Principals should see the appropriately trained Guidance teacher as a profes= sional man, a necessity on every staff. Problems previously mentioned should therefore be referred to him, he himself in turn giving an account of the mat= ter to the principal.

According to responses the New South African Group Test, C.V.-Interest in=ventory, Junior and Senior Aptitude tests, the Biographical Questionnaire and Proficiency batteries are being used in schools to assist Guidance teachers in giving objective information on personality aspects concerning pupils.

## 4.8 The Guidance teacher's qualifications and qualities

Qualifications of Guidance teachers in secondary schools fall into the fol=lowing three categories:

a. Guidance teachers in possession of Guidance Psychology III and Higher Education Diploma (H.E.D.) or Psychology III and H.E.D. with specializa=tion in Guidance or B.Ed. with specialization in Guidance;

b. Guidance teachers who passed through a holiday course in applying psychome=tric tests; and

c. Guidance teachers who do not have any training in Guidance whatsoever.

According to responses only 7,4% (6) and 2,5% (1) of the schools respective=ly have appropriately trained Guidance teachers as Guidance teacher no. 1 and 2 on their staffs. There are also 49,4% (40) and 60,0% (24) of the schools which have Guidance teachers, respectively as no.1 and 2, with no training in Guidance. Lastly 43,2% (35) and 37,5% (15) of the schools have Guidance teachers, respectively as no. 1 and 2, who only received training in applying psychometric tests.

Although schools differ in rating the most important qualities of a Guidance teacher, 50,6% (41) see appropriate specialized training in Guidance as most important, 46,9% (38) rate personality traits as second most important and 59,3% (48) see teaching experience as third most important.

It can therefore be concluded that principals give priority to appropriately trained Guidance teachers for handling Guidance work, but that there are an insufficient number of Guidance teachers with specialized training in these posts.

## 4.9 The working schedule for a qualified Guidance teacher

The majority of the responses, viz 55,6% (45) stated that Guidance teachers should also be involved in subject-teaching. The view that 30 tot 50% of his time on the time table should be devoted to Guidance is shared by 44,4% (20), leaving the remaining time to subject-teaching. The explanation for these responses may lie in a poor understanding of the essence of Guidance (see par. 7.5).

According to 86,4% (70) of the schools, psychometric tests should be applied by Guidance teachers on the staff, 8,6% (7) preferring the school psychologist. The remaining respondents stated no preference.

The appropriately trained Guidance teacher on the staff remains the only pro= fessional man to apply and interpret psychometric tests.

## 4.10 Advantages and disadvantages (shortcomings) of the new system of differentiated education in the secondary school

The most pertinent advantages of the new system appeared to be the following:

Every pupil receives education according to aptitude, ability and interest; therefore more pupils are able to gain the school leaving certificate.

The grade of subject-matter in Higher Grade groups extend to creativity and self-reliance.

In the Standard and Practical classes pupils are able to live up to their own standard and ability of the group.

According to respondents some of the most important shortcomings of the new system of differentiated education are the following:

Insufficient staff allocation handicaps the fluent implementation of differen= tiated education: providing sufficient subject-choice, as well as the simul= taneous presentation of Higher and Standard Grade subjects in different class= rooms, has implications for more teachers.

Respondents rate the simultaneous presentation of Higher and Standard Grade subjects in the same classroom as the most important problem.

At present Guidance services do not succeed in effectively meeting the demands of the differentiated system of education.

The same examiner should set papers in Higher and Standard Grade to ensure a satisfactory standard in differentiation.

The syllabuses of Mathematics, Science and Bussiness Economics in general and for History and Geography in stds. 6 and 7 are too extended. Some of the syl= labuses in the two Grades also differ only in scope and not in standard. Syl= labuses for Higher Grade subjects should leave enough time for independent work.

Some criterion should be developed to guide pupils in selecting Higher and/or Standard Grade subjects, since quite a number of pupils follow Higher Grade subjects only for prestige reasons.

Available psychometric tests do not succeed in providing appropriate enough information in order to select a specific study course.